# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 9
Oktober 2023

# Die Bybel in Afrikaans

## 90 JAAR OUD




Die eerste eksemplare van die Bybel in Afrikaans is in Mei 1933 by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap afgelewer.(Foto: Nasionale Argief, Pretoria)

**Op 29 Mei 1933 het 'n merkwaardige gebeurtenis plaasgevind. Die eerste besending van Bybels in Afrikaans uit Londen het in Kaapstad ariveer**

**Die woord "Bybel" kom van die Griekse woord biblia wat "boeke" beteken. Die Bybel wat jy in jou hand het, is dus eintlik 'n minibiblioteek met 'n versameling van 66 boeke. Dit bestaan uit die Ou Testament wat 39 boeke bevat en die Nuwe Testament wat 27 boeke bevat.**

## Waarom kan ons die Bybel vertrou?

**Mense vra dikwels vrae oor die suiwerheid en die egtheid van die Bybel wat ons vandag besit. Die Bybel self sê vir ons dat dit die geïnspireerde Woord van God is en dat God self menslike skrywers geïnspireer het om die boeke van die Bybel te skryf. Paulus stel dit baie duidelik aan Timoteus: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (2 Tim. 3:16-17) Terselfdertyd staan daar telkemale in die Skrif: "So sê die Here", "Die woord van die Here het tot my gekom" of soortgelyke uitdrukkings wat bevestig dat dit nie die woorde van mense is nie maar God se woord (vgl 1 Tess. 2:13).**

# Vir die wat agterbly

## Isabel Ballot

EK IS EEN VAN DIE WAT AGTERBLY! EEN VAN DIÉ WIE SE KINDERS SUID-AFRIKA VERLAAT OM OORSEE TE GAAN WERK. ONS KINDERS GAAN OM VERSKEIE REDES WEG. HOE DIT OOK AL SY, HIERDIE "VERLAAT" GAAN MET GROOT HARTSEER GEPAARD. TOG GUN 'N MENS VIR HULLE 'N "BETER LEWE."

MAAR IS DIT NOODWENDIG 'N BETER LEWE? EK GLO DAT DAAR IN SUID-AFRIKA GOEIE VERHOUDINGE IS EN KAN WEES EN ONS HET 'N WONDERLIKE KLIMAAT. DAN DIE NATUURSKOON: DIE WES-KAAPSE FYNBOS, DIE KAROO MET 'N BEKORING VAN SY EIE, DIE ONGEREPTE TRANSKEISE WILDEKUS.

MY SEUN LAAT VRIENDE EN FAMILIE AGTER. VRIENDE MET WIE HY ROTS-KLIM GEDOEN HET EN RONDOM BRAAIVLEISVURE GEKUIER HET. EK WONDER TOG OF SY HART NIE UIT ENGELAND NA SUID-AFRIKA SAL HUNKER NIE. VERAL AS DIE BITTERE KOUE HOM TREF EN HY VERLANG DAARNA OM SOOS 'N DASSIE IN DIE SUID-AFRIKAANSE SON TE SIT.

KOM ONS BEMOEDIG MEKAAR, DIE WAT AGTERBLY. KOM ONS KRY ONS PASPOORTE GEREED OM TE GAAN KUIER.



**Aan al die senior lidmate in ons gemeente:**
**Neem asseblief kennis dat die datum van die jaarlikse LENTE-ETE van 11 Oktober verander is na WOENSDAG 18 OKTOBER.**
**Ons sien uit daarna om julle almal daar te verwelkom!**
**Groete van die Vrouebediening**



# Dink diep en doen introspeksie....

**Het jy my lief?**
**deur Marietjie Joubert (E-Kerk)**

**Lees Johannes 21.**

Tydens 'n onlangse reis na Israel is ek opnuut gekonfronteer met die woorde van Jesus aan Petrus: "Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?"
Ons sit in die snikhete son van Israel, by 38 grade onder koel bome langs die meer van Tiberias en luister na die verhaal van Petrus in Johannes 21. Die dissipels was besig om vis te vang toe die Here vir hulle sê om hulle nette aan die ander kant van die skuit in te gooi. Hulle nette is toe vol vis, en hulle besef dit is die Here wat met hulle praat. Hulle is terug na die land en het die visnet uitgetrek. Dit was vol vis, maar die net het nie geskeur nie. Waar Jesus teenwoordig is, is daar altyd oorvloed.
Jesus het 'n vuurtjie gemaak en hulle het die vis daar gebraai. Niemand wou vra wie Hy was nie, want hulle het geweet dit was die Here,(- vers 12). Ek kan my die rustige toneel voorstel waar die groepie mans sit en langs die vuur ontbyt eet. Dan is daar die skielike direkte vraag aan Petrus. Ek sien hoe die Here Petrus vas in die oë kyk en hom dan vra of hy Hom liefhet.
Kort tevore met die kruisiging het Petrus die Here drie keer verloën en ontken dat hy Jesus enigsins ken. Hy is terug na Tiberias en het sy lewe as 'n visserman gaan hervat. Hy het weggekruip van sy roeping. Ek dink myself in Petrus se skoene in, toe hy hierdie direkte vraag moet antwoord. Hy besef hy praat met die opgestane Here. Die Here vra dieselfde vraag drie keer. Petrus het drie keer die geleentheid om te bevestig dat hy die Here liefhet! Elke keer antwoord Jesus hom met 'n opdrag. Hierdie drie opdragte verander dan in Petrus se roeping wat hy getrou daarna uitleef in sy lewe.Wat sal jou antwoord wees, as jy so direk gekonfronteer word? Terwyl ons onder die bome sit en luister na die boodskap, en ek gekonfronteer word met die vraag, roer my hart en die trane loop. Ek weet ek is lief vir die Here! "Ja, Here, ja, ek het U lief!" roep ek uit in my hart, ek wil my roeping leef! Ek dien U! Ook in die toekoms.
Gee of skep ook vir my geleenthede.
Ek wil jou uitdaag vandag om jou hart se diepste skuilplekke te ondersoek. Vee die spinnerakke uit, stof jou geestelike denke af en antwoord die opgestane Here se indringende vraag aan jou. Wy jou lewe opnuut toe aan die Here en leef voluit as Sy toegewyde kind in die aardse roeping wat Hy vir jou gee.

# Belangrike Godsdienste van die Wêreld

## Sciëntologie

**Hierdie is die vierde aflewering van die hoofkenmerke van verskillende wêreldgodsdienste in die Goeie Nuus, sodat ons lidmate vertroud kan wees met hoe voorstanders van hierdie godsdienste glo en dus meer voorbereid kan wees om 'n geestelike gesprek met hulle aan te knoop. Hierdie maand ondersoek ons Sciëntologie**

Sciëntologie is 'n moderne godsdiens wat deur die skrywer L. Ron Hubbart ontwikkel is. Hy is in 1911 in die staat Montana, in die VSA, gebore. Hubbart was 'n skrywer wat verskeie boeke publiseer het, wat van westerse romans tot wetenskapsfiksie gewissel het. Gedurende die 2de Wêreldoorlog het hy in die Amerikaanse vloot gedien en na die oorlog is hy in die Amerikaanse vloothospitaal in Oakland, Kalifornië opgeneem omdat hy aan toestande gely het wat hy tydens sy militêre diens opgedoen het. Gedurende sy verblyf in die hospitaal het hy besluit om 'n studie van die "wetenskap van die menslike gedagte" te onderneem en dit het gelei tot die nuwe godsdiens. In 1950 het hy die boek "Dianetics: The Modern Science of Mental Health" gepubliseer. Hierdie boek was die platform waarin hy die basis van sy nuutontdekte godsdiens aan die wêreld bekend gestel het.

Volgens Hubbart is die meeste mense danksy wetenskaplike en tegniese vooruitgang gedurende die afgelope 100 jaar, vandag materieel ryker as hulle voorvaders. Nogtans, volgens hulle eie bekentenis, het hulle kwaliteit van lewe nie in verhouding met hulle materiële welvaart toegeneem nie. Baie mense meen dat hulle voorvaders gelukkiger was en dat hulle meer vervulde lewens gelei het. Baie moderne mense meen dat, indien iemand nie hulle swaarverdiende besittings steel nie, die dood uiteindelik die takie sal voltooi.

In hierdie moderne tyd het meeste mense nie 'n werklike besef van wat hulle lewens beheer nie. Hulle glo dus dat, indien hulle hulleself en hulle medeburgers beter sou verstaan, hulle hulleself en andere sou kon help om hulle lewensomstandighede te verbeter en so hulleself en andere sou kon help om gelukkiger lewens te lei.

Bogenoemde is dus volgens Hubbart die doel van Sciëntologie: om die mens te help om sy eie lot te verbeter deur dit te verstaan.

## Wat is die beginsels van Sciëntologie?

Sciëntologie het nie onstaan as 'n godsdiens nie. Hubbart se "Dianetics" was 'n nuwe "wetenskap" wat probeer het om die mens se onderbewuste letsels as gevolg van negatiewe herinnerings, met behulp van berading te verwyder. Dianetika het egter na 'n godsdiens verander met Hubbart se bespreking van "thetans" (die mens se onsterflike siel) in sy publikasie.

Die drie belangrikste beginsels van Sciëntologie is:

1. Die mens is 'n onsterflike spirituele wese.
2. Die mens se lewensondervinding strek oor veel meer as 'n enkele leeftyd (hulle glo dus in reïnkarnasie).
3. Die mens se vermoëns is onbeperk, al word baie daarvan nie onmiddellik gerealiseer nie

Ander beginsels van Sciëntologie is beperkte kennis, omdat meeste daarvan geheim is en slegs aan toegewyde Sciëntoloë, wat tot hoër ordes van die geloof behoort, bekend is. Sommige van die ander bekende beginsels sluit in:

1. Oorlewing: Die basiese beginsel van menswees is oorlewing. Dinge wat tot oorlewing lei, is goed en genotvol – dinge wat nie tot oorlewing lei nie, is negatief.


2. Engrams: Volgens die Sciëntologie het elke mens 'n ontledende brein, wat 'n persoon in staat stel om daagliks besluite en uitsprake te maak wat noodsaaklik is vir oorlewing, maar in tye van stress of trauma, word letsels in die onderbewussyn gelaat, wat bekend staan as "engrams".

3. Ouditering: Om van engrams ontslae te raak, kan 'n persoon deur 'n terapeutiese proses gaan wat as ouditering (auditing) bekend staan. Tydens die proses vra 'n ouditeur 'n reeks vrae aan 'n persoon, wat daarop gemik is om van die engrams ontslae te raak. In die proses word 'n elektropsigometer gebruik, ook as 'n E-meter bekend. Die instrument meet die sterkte van 'n elektriese stroom wat deur die persoon vloei weens die vrae wat aan hom gestel word en stel die ouditeur in staat om die engrams te identifiseer. Hierdie is 'n baie duur proses en persone moet self daarvoor opdok.

4. Mense is thetans: Volgens Sciëntologie, het mense onsterflike siele, wat oor miljarde jare in verskeie leeftye vasgevang word. Volgens Hubbart het hierdie thetans gedurende die oorspronkliike skepping ontstaan en deur interaksie tussen hierdie thetans is die fisiese heelal geskep.
5. Thetans word helder en meer kreatief: Soos die brein van engrams gestroop word tydens verskeie leeftye, kan hulle 'n hoër vlak van morele en etiese standaarde bereik en word hulle meer helder en kreatief. Hulle bereik in die proses meer kreatiewe eienskappe, met groter beheer oor die omgewing en minder onderwerping aan siekte. Dit is die doelwit van Sciëntologie.
6. Thetans styg of gaan oor na 'n hoër orde in die Kerk van Sciëntologie en word sogenaamde OT's (Operating Thetans), of operasionele thetans genoem.
7. 'n Thetan wat 'n hoë vlak van operasionaliteit bereik, kan die oorlewingsvermoë van al Sciëntologie se dinamikas bevorder. Die dimamikas is infiniteit, die spirituele en fisiese heelal, lewensvorme, die mens, groepsoorlewing, familie en die self.
8. Reiniging: Alle dwelms is gifstowwe wat spirituele vryheid beperk. Om hierdie dwelms en gifstowwe uit die liggaam te verdryf, kan persone aan 'n "Purification Rundown" (Reinigingsproses) deelneem, wat sweet in 'n sauna, mega vitamien- en mineraaldoserings, ekstra olies, goeie voeding en genoeg rus behels. Die proses is vanselfsprekend ook duur.
9. Die kredo van die Kerk van Sciëntologie is "Lidmate van die kerk glo dat die mensdom basies goed is; dat 'n persoon daarna streef om te oorleef; dat sy oorlewing van die mens self en sy medemens afhang; en die bereiking van broederskap in die heelal".
10. Geloof in 'n Opperwese: Sciëntologie glo in 'n Opperwese, maar die kerk laat dit aan 'n persoon self oor om te besluit wie en wat God is. Die kerk fokus meer daarop om lidmate te help om hulle eie inherente spirituele essensie en vermoëns te bereik.

Christene, daarenteen, glo in 'n Almagtige, Ewige Opperwese wat Sy eie Seun aarde toe gestuur het om die straf vir ons sonde op Hom te neem en God se toorn oor die Sonde in ons plek aan die kruis op Golgota te dra; uit die dood opgestaan het en ons uit genade deelagtig gemaak het aan sondevergifnis en Sy Heerlikheid, sodat ons na ons dood verheerlik kan word en ewig saam met Hom kan lewe.





# Vir die Jongspan
# Onse Vader Gebedsblokkie



Knip die blokkie uit en kleur die prentjies in. Vou al die lyne en vorm dan ‘n kubus. Smeer gom aan al die flappies en plak vas sodat dit soos ‘n dobbelsteentjie lyk. Nou kan jy hierdie blokkie rol en die kant wat bo eindig, gee dan vir jou ‘n idee waarvoor jy kan bid. Kyk ook na die sleutel op die volgende bladsy om elke prentjie beter te verduidelik.

# GEBEDSBLOKKIESLEUTEL

# MATTEUS6: 9-13 (AFR 53)

| | | |
|---|---|---|
|  | DANKIE<br>Aanbid God en sê vir Hom dankie. | Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; |
|  | BID VIR JOUSELF<br>Bid vir jou eie behoeftes. | Gee ons vandag ons daaglikse brood |
|  | BID VIR ANDER<br>Bid vir jou verhoudings en ook die behoeftes van ander mense. | (die woord "ons" in die Onse Vader gebed) |
|  | VERGEWE<br>Doen sondebelydenis en vergewe ander. | en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe |
|  | VRA HULP<br>Vra vir hulp om nie sonde te doen nie en dat die Here jou sal lei om die regte keuses te maak. | en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. |
|  | LOOF<br>Wy jou toe aan God en gee Hom eer. | Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. |